

Glo - om die Here Jesus Christus aan te trek

Die Bybel kan 'n ding darem so mooi voor jou uitbeeld. Kyk nou maar hoe skilder Paulus 'n redelik abstrakte begrip soos geloof in Christus - met *klere* as beeld.

In *Galasiërs 3:27* sê hy van hulle wat glo in Christus: "*Want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed*", en in *Romeine 13:14*: "*Maar bekleed julle met die Here Jesus Christus*" (1933 53-vertaling).

Om in die Here Jesus Christus te glo, beteken om Hom aan te trek! En onthou... daardie dae was *aantrek* volledige bedekking van kop tot tone – *tóé* in klere!

En nou word dit eers mooi as ek kyk na die oorspronklike Grieks vir "beklee": *en-duo*.

Hoor ek ons Afrikaanse woord "induik" daarin?

Destyds was die doop gedoen deur onderdompeling. In die doop duik jy as't ware in die water in; trek jy die water aan. Dan omring die water jou volledig, omsluit dit jou van kop tot tone. Pragtige simbool van geloof as die totale omsluiting deur Jesus Christus - in Hom induik, jou deur Hom geheel-en-al laat bedek en omsluit

(Daardie dae het die heidene deur geloof in die verbond ingekom en is dus as volwassenes gedoop).

Nou ja - so trek ek Christus aan.

En dan bedek en omsluit Hy my van bo tot onder, liggaamsdeel vir liggaamsdeel.

My kop: As ek dink, dink ek sy verhewe gedagtes.

My oë: As ek kyk, kyk ek met sy vriendelike, liefdevolle blik.

My ore: As ek luister, luister ek met sy deernisvolle begrip.

My hande: As ek vat, word die gebalde vuis 'n sagte aanraking... en voltooi u maar self die omsluiting tot by die voete.

So *bring* geloof nie net lewensvernuwing nie maar *is* 'n ware geloof alreeds vir my lewensvernuwing.